## SKRIFGESAG. TEOLOGIE EN KERK

Dat die vrae rondom Skrifgesag en Skrifbeskouing in die Suid-Afrikaanse teologiese konteks al hoe brandender word, kan moeilik ontken word. Hierdie vrae word vir my aanvoeling veral vanaf die kant van plaaslike Hervormde teoloë skerp aan die orde gestel. Vir hulle hang 'n kritiese Skrifbeskouing saam met wetenskaplikheid. Dikwels word na die Skrifbeskouing en Skrifhantering van die Gereformeerde teoloë as "fundamentalisties" en "biblisisties" verwys.

Dit moet waardeer word dat die Hervormde teoloë uitdruklik sê dat hulle nie bedoel om die Skrifgesag aan te tas nie maar juis in sy uniekheid na vore te bring. 'n Fundamentalistiese Skrifbeskouing loop hiervolgens juis die gevaar om presies in die slaggat te val wat dit wil voorkom nl. 'n devaluering van die gesag van die Skrif. Die vraag is net of 'n Skrifkritiese benadering nie ook in dieselfde slaggat beland nie.

Drie sake is in hierdie verband opvallend — en ek konsentreer veral op die "Hervormde teologie" vanweë sy redelik unanieme karakter.

Die eerste is waarom hierdie uitgesproke Skrifkritiese benadering *nou* eers so skerp aan die lig tree terwyl dit vroeër kwalik merkbaar was. As dit reeds vroeër daar was, dan was dit redelik verborge en implisiet aanwesig. In hierdie verband dink ek veral aan die geskrifte van die bekende Hervormde dogmatikus, prof. Ben Engelbrecht, by wie daar tog waarlik nie 'n Skrifkritiese benadering aanwesig is nie, altans nie in die styl waarin dit vandag beoefen word nie. Trouens, mens kry die indruk dat Engelbrecht hom bewustelik van hierdie nuwe Skrifbeskouing, waar eerder van "relasionele" in plaas van "ewige waarhede" gepraat word, distansieer as hy opmerk dat dit ",n sistematiese belydenis asook die vakke soos Dogmatiek en Christelike etiek in die tradisionele sin, feitlik onmoontlik maak" (Die Kerkbode, 3-2-1982 : 9).

Vir my aanvoeling het die opsienbarende artikel van J. A. Loader, *Ortodokse fundamentalisme en die gebruik van die Ou Testament in Suid-Afrika,* wat in die *Hervormde Teologiese Studies* (jg 35 afl 1—2) verskyn het, hierdie nuwe fase ingelui. Daarin het hy by alles en nog wat, die Bybelvertaling (1933), Bybel met Verklarende Aantekeninge, Bybelkunde handboeke, teologiese studieboeke, prediking van die OT, invloed van die fundamentalisme opgemerk. Opvallend is dat Loader tydens die opening van die akademiese jaar van die Teologiese Fakulteit van Unisa 'n "teks vir die prediking" neem uit die apokriewe boek Ben — Sira 17 : 6, 8 (Ecclesiasticus) — sonder enige verwysing na Jesus Christus (*Theologia Evangelica,* Junie 1984, 17—2 : 2—4). Ek kan my nie herinner dat ek al ooit in SA 'n teoloog 'n oordenking uit 'n apokriewe boek sien skryf het nie. Waarmee ek natuurlik nie ontken nie dat hierdie boeke wel gebruik mag word vir onderrig "vir sover hulle ooreenkom met die kanonieke boeke" (NGB 6). Opvallend is verder dat dit juis Loader se Skrifkritiese benadering is wat hom tot die

konklusie bring dat die duiwel 'n "verleidende suigkrag" is waaraan *persoonlike* dimensies ontbreek *(Beeld,* 4-12-1984), al erken hy duidelik 'n bose mag *(Beeld,* 8-1-1985). As die duiwel egter eenmaal gedepersonifieer is tot "bose suigkrag" is dit moeilik om in te sien dat *engele* iets ander kan wees as bloot "goeie invloed". (In die *HTS* van Febr. 1985 verskyn ook 'n aantal artikels oor die GKN rapport *God met ons* wat meer waardering as kritiek na vore bring).

Die tweede aspek wat ek wil aanvoer is dat dit myns insiens betwyfel kan word of die Hervormde *gemeentes* goed op hoogte is van hierdie Skrifkritiese benadering. Word — of was — die Hervormde teologie nie te veel in 'n ivoortoring, weg van die gemeentes, beoefen nie? — ondanks die teologiese rubriek in *Die Hervormer.* Sal talle lidmate nie geskok word as die Skrifkritiese standpunt al meer op die kansels sigbaar word nie? En het Gereformeerde lidmate wat tans 'n Gereformeerde kerk (wil) verlaat vanweë die 1985-besluite oor volkeverhoudinge, al hiérdie aspek indringend oorweeg?

Ek noem 'n derde saak. As dit dan waar is dat 'n Skrifkritiese benadering meer wetenskaplik verantwoord is, en dus ook meer relevant behoort te wees, hoe kom dit dat die Gereformeerde kerke met sy meer "fundamentalistiese" benadering sulke indringende besluite oor sake van die dag, soos volkereverhoudinge, kon neem terwyl die Hervormde kerk nog steeds art 3 in sy kerkwet het? Waarom is Loader self so huiwerig om oor die *Suid-Afrikaanse* problematiek te skryf maar verwys hy na 'n (vryblywende) *Suid-Amerikaanse* model van onreg? (vgl. *Hervormde Teologiese Studies,* jg 36, 1—2: 55—57).

Ek noem hierdie dinge nie uit onnodige skoorsoekery nie, ook nie om die groot vrae rondom Skrifbeskouing en Skrifhantering te bagatelliseer nie, maar juis omdat goeie en verbeterde kerklike verhoudinge, asook korrekte Skrifhantering, my diep te harte gaan. Ons moet probeer saamstem oor wat die Bybel *is* ten einde te probeer saamstem oor wat die Bybel vandag vir ons wil sê. Miskien lê die juiste antwoord iewers tussen kritisisme en fundamentalisme.

Ons interkerklike gesprek het ook tans 'n nuwe dimensie bygekry: ons Skrifbeskouing en Skrifhantering mag daarin nie langer ontbreek nie.

J. H. van Wyk.